



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2017

VRYSTAAT

MEMORANDUM

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

VRAAG 1**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.1	2013	1	1
1.2	(Praise was) 18 (jaar oud).	1	1
1.3	<ul style="list-style-type: none"> • KwaZulu-Natal • KZN (Enige EEN)	1	1
1.4	(Hy was) een van Suid-Afrika se beste Wiskundeleerders (vir 2013).	1	3
1.5	finansiële	1	3
1.6	<ul style="list-style-type: none"> • Praise en Lwazi het nie by hulle ouers gewoon nie. • Praise het by sy oom en tante gewoon en Lwazi het alleen gewoon. • Hulle ouers was nie daar nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	2
1.7	“township-skool” (Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie)	1	2
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • ’n Mens moet vroegtydig begin leer/voorberei vir die eksamen. • ’n Mens moenie kort voor die eksamen eers begin leer nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
1.9	<ul style="list-style-type: none"> • Praise/Hy het dadelik begin leer wanneer hy van die skool af gekom het. • Praise/Hy het tot laat in die nag studeer. • Praise/Hy het volgens sy studierooster studeer. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2	3
1.10	<ul style="list-style-type: none"> • Hy wil verder/nog leer. • Praise/Hy wil ’n tweede graad in Wiskunde (ook) behaal. (Aanvaar ook as kandidate die laaste sin van paragraaf 4 aanhaal)	1	3
1.11	(Lwazi se pa/Hy was ’n) vragmotorbestuurder.	1	1
1.12	Lwazi het twee susters.	1	3
1.13	<ul style="list-style-type: none"> • Lwazi/Hy was in ’n goeie skool. • Lwazi/Hy het goeie onderrig daar ontvang. • Lwazi se pa moes die twee dogters gaan versorg. • Hy wou Lwazi nie ontwrig, deur hom na ’n ander skool te vat nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5

1.14	Lwazi/Hy het op Sondag ekstra Wiskunde-klasse bygewoon.	1	2
1.15	<ul style="list-style-type: none"> • B • goedhartig • B goedhartig (Enige EEN) 	1	3
1.16	“onderskeidings” (Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie)	1	2
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • Wiskunde • Rekeningkunde 	2	1
1.18.1	Hy het nie sy eie rekenaar gehad nie.	1	2
1.18.2	ernstig	1	3
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • Lwazi se/Sy ouers kon nie sy studiegeld betaal nie. • Daar was nie geld/n beurs nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Aanvaar nie “geld” alleen nie.) 	1	2
1.20	<ul style="list-style-type: none"> • Mense moet mekaar help. • Mense moet die gees van Ubuntu uitdra. • Mense moenie net aan hulself dink nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
1.21	<ul style="list-style-type: none"> • D • as ’n mens jou bes doen, sal jy wel goeie uitslae behaal. • D as ’n mens jou bes doen, sal jy wel goeie uitslae behaal. (Enige EEN) 	1	3
SUBTOTAAL:		24	

TEKS B: VISUELE TEKS

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.22	hoender(vleis)	1	3
1.23	hoër	1	3
1.24	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle braai die vleis wat hulle verkoop. • Die kos word op vlamme gaar gemaak. • Dit is 'n braairestaurant. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	3
1.25	<ul style="list-style-type: none"> • 81,1 • Een en tagtig komma een (Enige EEN) 	1	3
1.26	<ul style="list-style-type: none"> • B • van watter kitskos mense in SA die meeste hou. • B van watter kitskos mense in SA die meeste hou. (Enige EEN) 	1	3
1.27	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Mens sukkel nie met woordeskat/moeilike woorde nie. • Die prentjies help jou om beter te verstaan. • Daar is nie baie woorde om te lees nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
SUBTOTAAL:		6	
TOTAAL AFDELING A:		30	

AFDELING B: OPSOMMING

NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekening:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
 - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- **Tel van woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
 - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

VRAAG 2: GOEIE MANIERE

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORDE
1.	Goeie maniere kan jou help om beter met ander mense oor die weg te kom. Sê altyd asseblief en dankie wanneer dit nodig is.	Jy moet asseblief en dankie sê.
2.	Dit is goeie maniere om ander mense se eiendom te respekteer . Daarom moet 'n mens nie sommer net iets vat of dit gebruik sonder om te vra nie. 'n Mens moet ook nie ander mense se eiendom beskadig nie.	Jy moet ander se eiendom respekteer.
3.	Wanneer jy met iemand praat, moet jy onthou dat ander mense jou kan hoor. Moenie onnodig hard praat nie . Wanneer jy te hard praat, mag mense dalk dink dat jy onbeskof is.	Jy moenie onnodig hard praat as jy met iemand praat nie.
4.	Goeie tafelmaniere is ook belangrik . Dit is onaangenaam om saam met iemand wat swak tafelmaniere het, te eet. Daarom moet jy altyd met jou mond toe kou.	Jy moet goeie tafelmaniere hê.
5.	As jy jou selfoon moet gebruik terwyl jy saam met ander mense is, moet jy probeer om eenkant toe te gaan . Ander mense wil nie hoor wat jy oor jou selfoon sê nie.	Probeer om eenkant toe te gaan as jy jou selfoon gebruik./Moenie jou selfoon in ander se geselskap gebruik nie.
6.	Wanneer baie mense saam is, moet almal wat wil praat, 'n kans kry om iets te sê. Luister terwyl ander mense praat en wag tot dit jou beurt is om te praat .	Wag jou beurt af om in 'n geselskap te kan praat./Gee ander mense 'n kans om te praat.
7.	Sê geluk aan ander mense wat iets goeds gedoen het . Dit maak mense gelukkig as iemand anders raaksien wat hulle doen.	Wens mense geluk as hulle presteer.
	GETAL WOORDE = 209 woorde (± 200 woorde - Disjunktief)	GETAL WOORDE = 56 woorde (50–60/65 maksimum)
TOTAAL AFDELING B: 10		

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
3.1	<ul style="list-style-type: none"> Almal wat tande borsel. Alle mense wat tande het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
3.2	witter	1	3
3.3	<ul style="list-style-type: none"> B weet nie wat om te sê nie. B weet nie wat om te sê nie. (Enige EEN) 	1	5
3.4	<ul style="list-style-type: none"> Die verskillende lettertipes trek die aandag na belangrike inligting. Die adverteerders beklemtoon sekere dele van die advertensie. Dit maak die advertensie interessant. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
3.5	<ul style="list-style-type: none"> D Kappie D Kappie (Enige EEN) 	1	3
3.6	silwerskoon	1	4
3.7	Hoera	1	1
3.8	<ul style="list-style-type: none"> Dit is in 'n blokkie geplaas. Dit is in wit geskryf teen 'n donker agtergrond. Dit is groter as die ander woorde geskryf. Die naam word herhaal. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
3.9	<ul style="list-style-type: none"> 'n Mens sien haar skoon tande. Die advertensie sê dat jy moet glimlag. Haar tande lyk gesond. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	6
3.10	tevrede met	1	2
SUBTOTAAL:		10	

VRAAG 4: STROKIESPRENT

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
4.1	Vir watter klas is Neelsie laat?	1	5
4.2	<ul style="list-style-type: none"> • vroeg • betyds (Enige EEN)	1	2
4.3	Meneer sê vir Neelsie dat hy altyd speletjies speel. (Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)	1	5
4.4	<ul style="list-style-type: none"> • Ek gebruik die leer om op die dak te klim. (klimtoestel) • My skoene is van leer gemaak. (gelooid dierevel) • Daar is 'n leer in my kous. ('n gat) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
4.5	kwaad	1	2
4.6	jammer	1	3
4.7	Hy wys sy (wys)vinger vir Neelsie.	1	6
4.8.1	figuurlike	1	3
4.8.2	Hy is 'n koppige/dom/onnosel persoon. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
4.9	<ul style="list-style-type: none"> • B • wil hê dat Meneer ophou baklei. • B wil hê dat Meneer ophou baklei. (Enige EEN)	1	4
SUBTOTAAL:		10	

VRAAG 5.1: LEESSTUK

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.1.1	kilometer	1	3
5.1.2	oudste	1	3
5.1.3	aan	1	1
5.1.4	jaarliks	1	3
5.1.5	Pietermaritzburg	1	2
5.1.6	om die afstand te voltooi (Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)	1	3
5.1.7	eise	1	2
5.1.8	twintig	1	5
5.1.9	Hy	1	1
5.1.10	vrou tjie	1	2
5.1.11	prestasies	1	2
5.1.12	gehardloop	1	3
5.1.13	<ul style="list-style-type: none"> • nie • nooit (Enige EEN)	1	3
5.1.14	<ul style="list-style-type: none"> • Die atlete help mekaar omdat die gees van Ubuntu altyd sterk by die Comrades Marathon is. • Die atlete help mekaar omdat die gees van Ubuntu altyd sterk is by die Comrades Marathon. (Enige EEN)	1	5
SUBTOTAAL:		14	

VRAAG 5.2: PRENT

VRAAG	ASSESERINGRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.2.1	drade	1	2
5.2.2	sanger	1	2
5.2.3	lang	1	2
5.2.4	vrolike	1	2
5.2.5	oorfone	1	2
5.2.6	noot	1	2
SUBTOTAAL:		6	
TOTAAL AFDELING C:		40	

AFDELING D: LETTERKUNDE**KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****OF****OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**

Kandidate beantwoord SLEGS vrae oor AL TWEE die verhale van óf VRAAG 6 óf VRAAG 7.

VERHAAL A: “ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK” (20)**VERHAAL B: “MY BROER SE KRAAI” (20)****OF****VERHAAL A: “OPGANG” (20)****VERHAAL B: “OM LAASTE TE KAN LAG” (20)****VRAAG 6****KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****VERHAAL A: “ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK” – Abraham H de Vries**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.1	(In die) hotel	1	1
6.2	Die hoteleienaar	1	1
6.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • 'n vergelyking. • D 'n vergelyking. (Enige EEN)	1	3
6.4	<ul style="list-style-type: none"> • Rooikoos het nie meer geboer nie, want hy het sy grond uitgedrink. • Rooikoos het sy grond verloor omdat hy te veel gedrink het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
6.5	Die verteller wou nie ... <ul style="list-style-type: none"> • vloekwoorde gebruik nie. • die regte woorde gebruik wat Rooikoos gebruik het nie. • lelik praat voor vroumense nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
6.6	<ul style="list-style-type: none"> • Barrydale se span het baie foute gemaak. • Barrydale het 'n strafskop voor die pale gekry. • Rooikoos het op die losskakel geskree. • Die losskakel het misgeskop. 	1 1 1 1	2 2 2 2

6.7	<ul style="list-style-type: none"> Hulle het sy baard afgeskeer. Hulle het sy kop/hare swart gekleur/gesmeer. Hulle het sy klere uitgetrek. (Enige TWEE)	2	1
6.8	verbaas	1	3
6.9.1	<ul style="list-style-type: none"> B ... het hom nie altyd goed gedra nie. B ... het hom nie altyd goed gedra nie. (Enige EEN)	1	3
6.9.2	<ul style="list-style-type: none"> E ... het baie van ander mense se sake af geweet. E ... het baie van ander mense se sake af geweet. (Enige EEN)	1	3
6.9.3	<ul style="list-style-type: none"> D ... het die Sondagoggend die foon beleefd beantwoord. D ... het die Sondagoggend die foon beleefd beantwoord. (Enige EEN)	1	3
6.9.4	<ul style="list-style-type: none"> A ... het lank in Barrydale se hotel gewerk. A ... het lank in Barrydale se hotel gewerk. (Enige EEN)	1	3
6.10	<ul style="list-style-type: none"> C nie geweet het wie hy was nie. C nie geweet het wie hy was nie. (Enige EEN)	1	3
6.11	<ul style="list-style-type: none"> Hulle het geweet dat Rooikoos nie sou ophou drink nie. Rooikoos het aangehou drink totdat hy van sy stoel afgeval het. Rooikoos was so uit soos 'n kers en het nie geweet wat met hom kon gebeur nie. Terwyl Rooikoos nie geweet het wat om hom aangaan nie, kon enigiets met hom gebeur het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
6.12	<ul style="list-style-type: none"> Hy het seker gemaak dat Rooikoos kos kry. Rooikoos het in sy hotel gewoon. Hy het die rusie tussen Rooikoos en die Barrydalers gestop. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
6.13	Dit is verkeerd om: <ul style="list-style-type: none"> iemand te ontvoer. iemand se hare sonder sy toestemming te kleur. iemand se baard sonder sy toestemming af te skeer. iemand te verneder. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
		[20]	

VERHAAL B: “MY BROER SE KRAAI” – Chris Barnard

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.14	(In die) veld	1	1
6.15	<ul style="list-style-type: none"> • Sy een vlerk het (in die storm) seergekry. • Hy was uitgehonger. • Hy was verkleum. (Enige TWEE)	2	1
6.16	<ul style="list-style-type: none"> • (Hulle het vir hom) vleis (gegee). • (Hulle het vir hom) brood (gegee). (Enige EEN)	1	1
6.17	kwaad	1	3
6.18	<ul style="list-style-type: none"> • Die kraai het gewys dat hy nie in die hok wou wees nie. • Die kraai het op en af in die hok gestap. • Die kraai het die draad gepik. • Die kraai het sy vere teen die draad geklap. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
6.19	<ul style="list-style-type: none"> • C • by sy besluit oor die kraai sou hou nie. • C by sy besluit oor die kraai sou hou nie. (Enige EEN)	1	3
6.20	<ul style="list-style-type: none"> • Die kraai het homself in die hok beseer. • My broer het die kraai losgelaat. • Na drie dae het die kraai self weer teruggekom hok toe. • Die hok se hekkie is nooit weer toegemaak nie. 	1 1 1 1	2 2 2 2
6.21.1	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... was aggressief. • A ... was aggressief. (Enige EEN)	1	3
6.21.2	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... was verstandig. • C ... was verstandig. (Enige EEN)	1	3
6.21.3	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... was sorgsaam. • E ... was sorgsaam. (Enige EEN)	1	3
6.21.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... was vrolik. • B ... was vrolik. (Enige EEN)	1	3

6.22	<ul style="list-style-type: none"> • D • diere ook mag kies waar en by wie hulle wil wees. • D diere ook mag kies waar en by wie hulle wil wees. (Enige EEN) 	1	3
6.23	<ul style="list-style-type: none"> • Die hele storie handel oor die broer wat 'n kraai opgetel en versorg het. • Die hele storie handel oor die kraai wat deur die broer opgetel en versorg is. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
6.24	<ul style="list-style-type: none"> • Die kraai het uit sy eie teruggekom. • Toe die kraai terugkom, was hy bly om die verteller se broer te sien. • Die hekkie was oop, maar die kraai het nie weer weggegaan nie. • Bedags was die kraai in die bos, maar saans het die kraai self by die hok ingestap. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
6.25	<ul style="list-style-type: none"> • Die kraai was ongelukkig in die hok. • Die kraai was gereeld stukkend en bebloed. • Die broer was ongelukkig oor die kraai wat homself so seergemaak het. • Die broer was ongelukkig omdat hy geweet het die kraai wou wegkom. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
6.26	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het die siek kraai dadelik versorg. • Hy het seker gemaak die kraai het blyplek, kos en water. • Hy het die kraai losgelaat toe hy besef die kraai wou nie in die hok wees nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
		[20]	

OF

VRAAG 7**VERHAAL A: “OPGANG” – Ina Rousseau**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
7.1	Meisie (Minnaar) EN Drien (Tromp)	1 1	1 1
7.2	(In die) sitkamer	1	1
7.3	<ul style="list-style-type: none"> • C • baie funksies gehad het. • C baie funksies gehad het. (Enige EEN) 	1	3
7.4	belangrik	1	3
7.5	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het die gesin se klere versorg/vir hulle klere gemaak. • Sy het soggens vroeg opgestaan om vir haar gesin kos te maak. • Sy het haar huis skoongemaak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
7.6	<ul style="list-style-type: none"> • Lot/Sy het na Hanneltjie se nuwe masjien kom kyk. • Lot/Sy het gehoor dat Hanneltjie 'n nuwe masjien gekry het. • Lot/Sy het 'n paar nate gebring wat gestik moes word • Lot/Sy het naaldwerk saamgebring. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	1
7.7	<ul style="list-style-type: none"> • Hanneltjie en Lot het nie van mekaar gehou nie. • Dit was haar regte naam. • Hanneltjie het toe belangrik gevoel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
7.8	<ul style="list-style-type: none"> • Hanneltjie het vir Lot toegelaat om te stik. • Lot het Hanneltjie se masjien gebruik. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	3
7.9	<ul style="list-style-type: none"> • Hanneltjie het Lot se masjien gebruik om haar naaldwerk te doen. • Lukas het vir Hanneltjie 'n nuwe masjien gekoop. • Die kinders het vir al hulle maats van die nuwe masjien vertel. • Baie vrouens het na die nuwe masjien kom kyk. 	1 1 1 1	2 2 2 2
7.10	<ul style="list-style-type: none"> • A • status. • A status. (Enige EEN) 	1	3

7.11.1	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... was baie verbaas oor die masjien. • E ... was baie verbaas oor die masjien. (Enige EEN) 	1	3
7.11.2	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... wou seker maak dat die masjien opgepas word. • C ... wou seker maak dat die masjien opgepas word. (Enige EEN) 	1	3
7.11.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... het ander mense beledig. • A ... het ander mense beledig. (Enige EEN) 	1	3
7.11.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... was kinderlik opgewonde oor die nuwe masjien. • B ... was kinderlik opgewonde oor die nuwe masjien. (Enige EEN) 	1	3
7.12	<ul style="list-style-type: none"> • Enige vrou wil graag haar eie masjien hê. • Dit het Hanneltjie onafhanklik gemaak. • Hanneltjie kon toe al die naaldwerk doen wat sy graag wou doen. • Dit was toe nie meer nodig vir Hanneltjie om ander vrouens se masjiene te gebruik nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
7.13	<ul style="list-style-type: none"> • Hanneltjie en Lot/Hulle is familie/skoonsusters. • Dit is onnodig om oor iets soos 'n naaimasjien met mekaar te stry. • Hulle kon mekaar liever op 'n mooi manier gehelp het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
		[20]	

EN

VERHAAL B: “OM LAASTE TE KAN LAG” – Chris Barnard

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
7.14	<ul style="list-style-type: none"> Oom Apie het hulle laat lag/snaakse stories vertel/grappe vertel. Oom Apie het werkies in en om die huis gedoen. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	1
7.15	<ul style="list-style-type: none"> Oom Apie het nooit getrou nie. Oom Apie het nie 'n vaste werk gehad nie. Oom Apie het nie 'n vaste blyplek gehad nie. Jy kon nie op oom Apie staatmaak nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2	1
7.16	<ul style="list-style-type: none"> A 'n metafoor. A 'n metafoor. (Enige EEN) 	1	3
7.17	<p>(Die kinders in die familie het van oom Apie gehou omdat hy ...)</p> <ul style="list-style-type: none"> hulle laat lag het. mooi stories kon vertel. so 'n potsierlike figuurtjie gehad het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	3
7.18	<ul style="list-style-type: none"> Oom Apie het baie los werkies in en om mense se huise gedoen. Oom Apie het by die slaghuis/plaaswinkel gewerk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
7.19	<ul style="list-style-type: none"> Toe oom Apie in sy sestigs was, het die jeugliefde se man gesterf. Die jeugliefde wou graag met oom Apie trou. Die jeugliefde het gedreig om oom Apie se geheime oor te vertel. Oom Apie se groot probleem is opgelos toe hy gesterf het. 	1 1 1 1	2 2 2 2
7.20	vreemde	1	3
7.21.1	<ul style="list-style-type: none"> B ... was 'n welgestelde boer. B ... was 'n welgestelde boer. (Enige EEN) 	1	3
7.21.2	<ul style="list-style-type: none"> D ... was 'n snaakse karakter. D ... was 'n snaakse karakter. (Enige EEN) 	1	3
7.21.3	<ul style="list-style-type: none"> E ... was 'n fyn waarnemer. E ... was 'n fyn waarnemer. (Enige EEN) 	1	3

7.21.4	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... was 'n geldgierige mens. • A ... was 'n geldgierige mens. (Enige EEN) 	1	3
7.22	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was 'n gebore losloper/wou nie trou nie. • Dit het sy lewe makliker gemaak/hy het geen bekommernisse/ verantwoordelikhede gehad nie. • Hy het die beste van twee wêrelde gehad/hy was 'n losloper met die versorging van 'n vrou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
7.23	<ul style="list-style-type: none"> • Ek sou met haar getrou het. • Ek sou vir haar gesê het dat sy veertig jaar te laat was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
7.24	(Die verteller se) ma en pa/ouers/familie.	1	1
7.25	<ul style="list-style-type: none"> • D • daar altyd gevolge is vir die dinge wat jy doen. • D daar altyd gevolge is vir die dinge wat jy doen. (Enige EEN) 	1	3
7.26	Toe hy sterf, het hy uit die moeilikheid/verknorsing gekom. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
		[20]	

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 120